COMMUNITY NEWSPAPER

# Gans Berg Nuus/News

PRICE R12.00

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

11 April 2025

246ste Uitgawe




# Huldeblyk ter ere van Jaiden Dickson

'n Informele Gedenkdiens ter nagedagtenis van Jaiden Dickson (24) se afsterwe tydens 'n tragiese motorongeluk, is op 7 April 2025 om 18:00 in 'n volgepakte Klubhuis (Blompark Sportgronde) te Blompark gehou. Die Dickson-familie, asook die teenwoordigers, was in rou gedompel.




Michelle van Zyl, eienaar van die Gans-Berg Nuus, het die diens bygewoon. "Dit was 'n diep-hartseer geleentheid wat my diep geraak het," het Michelle gesê. Verskeie huldeblyke is voorgelees, wat 'n aanduiding van Jaiden se geliefdheid onder die gemeenskap is. "Haar spontane lag en warm teenwoordigheid sal ten diepste gemis word," is onder andere gesê. Die Seastars Netbalspan was by die verrigtinge betrokke en na afloop van die diens is wit en pers balonne ter ere van Jaiden se lewe losgelaat.

Die tragiese ongeluk het op Saterdagoggend omstreeks 01:00 tussen Stanford en Hermanus, naby Misty Mountains (R43), plaasgevind. Die bestuurder van 'n BMW het van agteraf in die meisies se Renault Clio vasgery. Hulle voertuig het 'n paar meter gerol en altwee meisies is uit die voertuig gegooi, met Jaiden se lewelose liggaam wat sowat 30m van die wrak af gekry is. Jaiden se vriendin en mede-passasier, Elandré Hans (26), is ernstig beseer en is per ambulans na Hermanus Hospitaal vervoer, vanwaar sy later na Tygerberg Hospitaal oorgeplaas is. Haar toestand is, na verneem word, stabiel, maar sy is erg deur Jaiden se dood getraumatieseer.

Die Gans-Berg Nuus se Redaksie dra weereens hul innige meegevoel aan die Dickson-familie oor en vertrou dat hulle krag sal ontvang vir die hartseertyd waardeur hulle gaan.

**Hardus Botha**



# 65-jaar-plus se Gesellige Kuier


Gaskunstenaar, Joe Smit

Gasvryheidsbedieninge van die NG-gemeente onder leiding van Elcine Hulme, met haar gedugte span dames, pak gereeld gasvryheidsfunksies aan.  Een van hierdie jaarlikse funksies is 'n heerlike en gesellige oggend in die Pretoriussaal waar 'Bejaardes' bo 65 jaar behoorlik onthaal en bederf word.  Die Gans-Berg Nuus het rondgesnuffel om die oudste gas op te spoor.  Twee is toe raakgeloop: Tannie MC Joubert (93) en Tannie Sherley Fick (92) - '*many moons ago*' verby 65 jaar!


Oudste gas - Tannie MC Joubert (93).

Gaskunstenaars word ook gereeld gereël en vanjaar was dit weer Joe Smit, wat beslis maar mag sing en op 'n kitaar se snare mag tokkel - hy is terdeë geniet met die verskeidenheid van gewilde liedjies, ingesluit '*Country Songs*, wat hy so reg na almal se voorkeure gesing het.

Die Gasvryheidsdames staan natuurlik ook bekend vir hulle smaaklike etes wat tydens funksies aangebied word - waar het jy dan nou ook gehoor van 'n funksie sonder daardie verleidelike, lekker eetgoed?!  Die groot groep gaste was só beïndruk met die dames se ete wat aangebied is, dat bykans almal vir die resepte gevra het.  Nouja, hier is die resepte met die komplemente van die Gans-Berg Nuus, asook goedkeuring deur die 'eienaars' daarvan.

**'Party Hoender'**
6 groot of 8 normale hoenderborsies, met die vel en been nog aan; kook gaar en ontbeen en verwyder velle en sny in stukkies; 2 groot uie gekap en gebraai; 500 gram rysnoedels/noedels; 2 koppies mayonnaise; 2 pakkies hoendersop, aangemaak met 800ml water; kook rysnoedels tot gaar en (spoel en dreineer) - meng alles saam; skep in 'n gesmeerde swart oondpan; strooi bietjie gerasperde kaas



en papriko bo-oor vir 'n mooi kleur; bak vir 30-45 min by 180°C tot ligbruin bo-op; en geniet!

**'Roerbraai Slaai'**
250ml suiker; 250ml wit asyn; 5ml sout; 5ml borrie; 5ml kerriepoeier; 30ml appelkooskonfyt; 1kg Hawaise roerbraaigroente; 25ml mielieblom. Kook suiker, asyn, sout, borrie, kerrie en konfyt saam vir 2 minute. Voeg groente by en kook nog 15 min.  Meng mielieblom met bietjie water en voeg by groentemengsel. Kook tot verdik.  Bedien warm of koud - kan ook gebottel word; alte smaaklik!

**Hardus Botha**



The Beach House Hub
Residential, Commercial & Corporate Fencing
072 787 5486 / admin@thebeachhousehub.com

Wide range of options available:
Clearview & Betafence
Palisade & Ornamental Fence
Vibracrete & PVC Fence
Weldemesh & Diamondmesh
Field Fence & Farm Fence
Gates & Gate Automation
Fire Boma's & Braai's out/indoors
Patio's & Pargola's
Catio's & Modern Pet Cages

xplorio

Because good fences make great neighbours!!

Kamba Fences
Farm, Ornamental & Residential Fencing
082 411 9969 / sales.kamba@gmail.com

NOTICE

## NOTICE TO CREDIT IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the undermentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.

Estate number: 5669/2025
Surname: Binedell
Name: Jan Harm
Date of Birth: 28 November 1949
ID Number: 491128 5043 083
Last address: 3 Harbour Way, Gans Bay, Western Cape Province
Date of Death: 8 February 2025
Master's Office: Cape Town
Name of Executor: Johann Viljoen
Address of authorised agent:
PO Box 812
Somerset Mall
7137
elsabe@viljoenlaw.com
021 852 6322

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.


All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.


Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Gansbaai Leeskring
# Van 'Troep' tot 'Wegkruipertjie'

Gansbaai Leeskring se byeenkomste het nog altyd interessante skrywers met hul nuutste boeke uitgenooi om Gansbaai te besoek - daar was nog nooit 'n vervelige byeenkioms nie. So was dit ook die geval met die afgelope twee byeenkomste, waaroor daar nog nie berig is nie.




*'Troep'* - Bun Booyens
Baie boeke en artikels is al oor die destydse '*Verpligte Militêre Diensplig*' en die '*Grensoorlog*' geskryf - met 'n groot verskeidenheid van tema's. Bun Booyens fokus nie op indrukwekkende oorlogs-gebeure nie, maar lig die 'klein' dingetjies, wat vergeet word, uit: Hoe het gewone soldate dinge beleef? Wat het hulle geëet? Waaraan het hulle gedink en waaroor het hulle gesels?

"Ek het daaraan gedink dat die 'Dienspliggenerasie' nou begin uitsterf," het Bun vertel. "Die eerste troepe wat in 1975 grens toe is, trek nou al by die sewentig jaar en die laastes met die beëindiging van die Grensoorlog in 1989, is reeds in hul vyftigs en die tyd raak min om herinneringe op te teken."

Bun Booyens het meer as 100 oud-troepe ondervra en die klem geplaas op wat in die 2 jaar op die grens gebeur het. 'n Belangrike kenmerk van die boek is egter die menslike kant daarvan, wat die ouers, familie en vriende van 17\18-jarige seuns op die grens beleef het - die angs en spanning wat nie in geskiedenisboeke opgeteken is nie.

Nog meer belangrik is dat hy ook met ouers, broers en susters van troepe, wat nié teruggekom het nie, gesels het. 'n Besonderse en insiggewende boek.

*Wegkruiper' - Christelle Wessels*
"Een, twee, drie ... blok myself!" - dìt onthou ons almal vanuit ons kinderjare. In hierdie uitstekende 'Wegkruipertjie-speurverhaal' van Christelle Wessels, kry die speletjie 'n heel ander betekenis. Kapt Werner de Wege en Adj.Off Lisamore Talakase probeer 'n 'legkaart' van 'n interesante situasie bou om hulle saak op te los: 'n afgetrede onderwyseres, 'n bekende dokter, 'n sukkelende eiendomsagent en 'n 'happy-go-lucky' boer vorm almal deel van hierdie legkaart. Daar is net een probleem: die absolute kritieke stukkies om die legkaart finaal te voltooi, speel wegkruipertjie met die speurders!

Christelle Wessels het haar boek, 'Wegkruiper' aan huis van Lenie Otto met Leeskringlede bespreek. Christelle is op De Aar gebore en is tans die redakteur van een van die oudste gemeenskapskoerante in die land - die *Stellalander*. In 2004 ontvang sy die Sanlam Gemeenskapsperstoekenning vir '*Joernalis van die Jaar: Menslike Nuus*' - 'n merkwaardige prestasie.

**Hardus Botha**












# 'Art in the Midst of Chaos'

'*Art in the Midst of Chaos*', of te wel: '*Kuns te Midde van Chaos*', is waarskynlik 'n gepaste uitdrukking vir die tyd waarin ons lewe. Dit het enkele van ons plaaslike kunstenaars ook besef en besluit om hierdie unieke en geskiedkundige kunsuitstalling vir die eerste keer in ons omgewing aan te bied. Dit is nie die gewone kunsuitstalling waar groot hoeveelhede kunswerke te besigtig en te koop aangebied word nie - dit is absoluut uniek.

'*Art in the Midst of Chaos*' is uniek in die sin dat slegs twee skilderye per kunstenaar uitgestal mag word, en 'n verdere voorwaarde is dat dié spesifieke skilderye nog nooit voorheen uitgestal is nie. Hierdie kunsuitstalling sal dus ongetwyfeld besonders wees om te besoek. Vyftien (15) kunstenaars het ingestem om aan hierdie uitsonderlike kunsuitstalling deel te neem - elk met sy/haar twee kunswerke wat spesiaal hiervoor geskilder is.

Die alfabetiese lys van deelnemende kunstenaars is: Anita van Zyl, Arien van der Merwe, Belinda Ann Burchell, Betsie van Rensburg, Bilhah Hoffmann, Elaine Baard, Hermanus Jacobus Veldman, Jacqueline Fourie, Jan Kotze, Jeff Batt, Lee Lane, Louise Kluyt, Natalie Dominique Louw, Ronelle van Tonder en Rouvé de Flamingh.

Die span wat reeds sedert die begin van Januarie 2025 met die beplanning van '*Art in the Midst of Chaos*' besig is, is Mathilda Roos van Groeneweide as sameroeper, Bilhah Hoffmann, Natalie Dominique Louw en Belinda Batt - en daar is hard gewerk en deeglik beplan om 'n groot sukses van hierdie unieke en geskiedkundige kunsuitstalling te maak.

'n Prestige Openingsaand sal op **Donderdag, 17 April 2025 om 18:00** plaasvind, met ons eie bekende kunstenaar, Susan van Heerden, wat die opening as gaspreker sal waarneem. Die Kunsuitstalling sal daarna daagliks **vanaf Vrydag, 18 April tot Maandag, 21 April 2025 en vanaf 08:00 tot 16:00 in 'Die Hangkas' te Groeneweide** besoek kan word - 'n 'Gallery-uitstalling' vir die kunsliefhebber wat nie misgeloop moet word nie.

"*In a world overwhelmed by chaos, 'Art in the Midst of Chaos' invites artists to break free from the conventional and explore the unknown. This exhibition challenges the boundaries of creativity, encouraging a deeper reflection on the world around us and the power of art to make sense of it all.*"

**Hardus Botha**












# Krag van Woord en Kuns

'Die krag van Woord en Kuns' vorm 'n integrale deel van die **2025 Franskraal Kunsroete**. Lesers word uitgenooi om saam op hierdie kreatiewe Kunsroete te gaan wat op **Vrydag, 18 April 2025** by die bekende Eilandhuisie in Franskraal begin. Vir navrae kan Dries Dreyer by 082 332 9386 geskakel word.

**Ontmoet nog van ons kunstenaars:**

*Sholtz Craft Creations:*
"We are a husband and wife team producing various smaller wooden products. This includes wall art, items for the home, 3D puzzles, customised names, unique wooden portraits and much more," said Mariette.

*Lona en Vriende:*
Lona, Ria en Katie is drie vriendinne wat elke middag in 'n skeppende werkswinkel 'kuier'. "Dit is genotvol om kwilte te maak, asook gebreide items," vertel Lona. "Katie is weer passievol oor plante en tuin maak en gaan ook plantjies in mooi geverfde houers beskikbaar stel.




"Ons geniet ook alle vorme van kuns...kleur en kuns smelt saam met die pragtige omgewing en wat is 'n kuier nou sonder koffie en koekies?"

*Rose-Marie Fourie:*
Sy het deur die jare haar inspirasie uit die natuur en omgewing geput en wel in verskillende mediums. "Ek het die voorreg gehad om my kreatiwiteit en Godgegewe talent uit te leef met die aanbied van kunsklasse vir laerskoolleerders as deel van hulle kurrikulum," vertel Rose-Marie. "Ons was ook vir die dekor van baie konserte verantwoordelik." Dan is sy ook baie lief vir skilder, pottebakkery, hekel en mosaïk.

Die Gans-Berg Nuus hou lesers op 'n weeklikse basis op hoogte van sake oor Franskraal Kunsroete net om die draai.

**Hardus Botha**


**Rose-Marie Fourie.**

Scholtz Craft Creations


**Lona en Vriende**

# Goeie reaksie vir Poegie-donasies

"Sover het ons goeie reaksie op ons versoeke vir donasies en ondersteuning vir ons Poegie-avontuur ontvang, waarvoor ons baie dankbaar is," vertel 'n opgewonde Manny du Bruyn van TMS Bouers, organiseerder van die avontuur.

Manny bedank graag vir Buco Gansbaai en Hermanus wat elk R2 000 in die Poegie-bankrekening inbetaal het. Dit is egter nie al nie -die twee Buco's gaan ook klere vir die wegspring uit Gansbaai borg: T-shirts, kepsies en baadjies vir die Poegie-bestuurders. Nog 'n donasie wat aan die kom is, is van Elite Rebel Motorfietsklub waarna uitgesien word.



Die Gans-Berg Nuus, 'n ondersteuner van die Poegie-avontuur, het in vorige beriggewing daarna verwys. Manny en sy mede-poegie-eienaars beplan om vanaf Gansbaai na Hentiesbaai in Namibië op hierdie klein motorfietsies (Poegies/Scooters, 125cc tot 150cc), te ry. Die projek is ten bate van Ikamva Jeugontwikkeling. Die afstand wat in die poegie-sale deurgebring gaan word is 2 000km daarheen en 2 000km terug (4 000km).

"Kom neem deel aan hierdie uitdaging en avontuur vir 'n goeie doel, hetsy om self met 'n poegie te ry, of deur middel van donasies, borgskappe of die borg van die poegie-bestuurders per kilometer," vra Manny. "Alle relevante dokumente is reeds in plek."

Die manne wat tans gekontak kan word, is:
*Manny du Bruyn by 082 675 8410, of epos aan admin@tmsbouers.co.za;
*Japie Geldenhuys by 063 779 9974, of epos aan vettrilgerald@gmail.com;
*Marius Alberts by 079 600 3971, of epos aan mariusallie1958@gmail.com;
*Kobus Geyser by 082 875 7408, of epos aan kobusgeyser77@gmail.com.

**Bankbesonderhede vir borgskappe of ander bydraes:**
Naam: IkamvaPoegieChallenge; Bank: Nedbank; Tipe: Spaarrekening; Rekeningnommer: 2053776528.

**Hardus Botha**

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:** Hardus:082 786 0494 / info2@gansberg.co.za

ADVERT OF THE WEEK





















# Grootbos' Caracal



"From flora to fauna, this spectacular young caracal has been spotted recently on the Grootbos Nature Reserve and is being monitored by our Conservation Research Unit."
**Grootbos Conservation Research Unit**

The caracal (*Caracal caracal*) is a medium-sized wild cat native to Africa and other countries. It is characterised by a robust build, long legs, a short face, long tufted ears, relatively short tail, and long canine teeth. Its coat is uniformly reddish tan or sandy, while the ventral parts are lighter with small reddish markings. It reaches 40-50cm at the shoulder and weighs 8-19kg.

Typically nocturnal, the caracal is highly secretive and difficult to observe. It is territorial, and lives mainly alone or in pairs. The caracal is a carnivore that typically preys upon birds, rodents, and other small mammals. It can leap higher than 3.0m and catch birds in midair. It stalks its prey until it is within 5m of it, after which it runs it down and kills it with a bite to the throat or to the back of the neck.

Both sexes become sexually mature by the time they are one year old and breed throughout the year. Gestation lasts between two and three months, resulting in a litter of one to six kittens. Juveniles leave their mothers at the age of nine to ten months, though a few females stay back with their mothers. The average lifespan of captive caracals is nearly 16 years. The caracal is a carnivore that typically preys upon birds, rodents, and other small mammals.
**(Source: Internet)**

**Hardus Botha**

## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:



Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za








CONTACT US TO ADVERTISE: Saskia:068 697 9945 saskia@gansberg.co.za

# Herondek jou volle potensiaal




"Ek woon in Pearly Beach en my boek wat ek self gepubliseer het, is nou beskikbaar," ertel Elmarie van Aswegen. "Die twee hooftemas van die boek is 'Geestelike Intelligensie' (wat grootliks as memoir geskryf is van my lewenspad) en 'Biologiese Intelligensie' (gesondheidsvoordele van 'n plantgebaseerde volvoedsel leefstyl)."

Die boek se naam is 'Meester van jou Lewe' en is vanuit 'n unieke perspektief geskryf. Die inhoud van die boek handel oor die 'herontdekking van jou volle potensiaal en leef 'n lewe van gesondheid, geluk en vervulling'. Deur 'n kombinasie van memoir en praktiese riglyne, wys Elmarie hoe geestelike en biologiese intelligensie die sleutels tot blywende transformasie en leefstyl veranderinge is.

Die boek verduidelik ook hoe selfkennis, geestelike en emosionele insigte, en 'n plantgebaseerde volvoedsel leefstyl, saamwerk om 'n gesonde en bewuste leefstyl te bevorder. "Hierdie vernuwende en geïntegreerde benadering lei tot 'n dramatiese verbetering van lewenskwaliteit en egtheid, wat so nodig is om ons as mense weer te aard in 'n era waar kunsmatigheid prominent is en kunsmatige intelligensie dreig om ons te oorweldig," het Elmarie verduidelik.

**Hardus Botha**

# MEMORANDUM

**TO:** I&J Danger Point
**FROM:** Luvuyo September
**SUBJECT:** I&J Youth Employment Programme for Unemployed Youth

A MEMBER OF THE AVI GROUP
IRVIN & JOHNSON LIMITED
REG NO. 1952/001693/06

I&J Ltd will be offering unemployed YOUTH between age (18 – 35 years) who have completed a minimum Grade 9 (Standard 7), an opportunity to enrol on a 12 month I&J Work Employment Programme. Successful candidates will be employed at I&J Danger Point.

**Interview & Assessment:**
Selected applicants will be interviewed and may have to do an assessment (test) which comprises of numeracy and literacy (basic Mathematics and English) prior to being selected for the Youth Employment Programme.

**All applicants must be in possession of the following documents:**
* Curriculum Vitae (CV)
* Stamped bank account details/statement (not older than 3 months)
* SARS Tax Document (copy of SARS certificate/letter )
* Certified copy of highest grade/qualification ( not older than 3 months )
* Certified ID Copy ( not older than 3 months )

Only applicants who submit all of the above documents will be considered for an interview and assessment.
The standard recruitment process will be followed, which includes background screening (e.g. criminal check, ID verification, qualifications, etc.) and undergoing a full medical examination.
All applications to be dropped at I&J Aquaculture main gate, or emailed to SonwabileG@ij.co.za.

Should you have any further queries, please contact the following staff at the HR Department (087 087 4800):
* Luvuyo September
* Sonwabile Gaqa

CV's and documents can also be handed to the above mentioned persons:

**Please Note:**
* This is not a Learnership.
* **Applicants must be unemployed, not have been previously enrolled on a YES4YOUTH Programme and not be registered on a Learnership and not earning a salary/stipend.**

**Closing date for applications/submission of CV's: 17 April 2024**

# OVERSTRAND MUNICIPALITY

**Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancies:**

## CHIEF CLERK: INDIGENT SUPPORT

**Directorate:** Financial Services
**Department:** Collections
**Reference number:** WC0329988
**Basic Salary:** R255 348 p.a.
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • A Grade 12 Certificate • Computer skills – MS Word, MS Excel, MS – Access and general advanced computer skills • Communication skills in two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape. • Code B/EB drivers' license • Broad knowledge of municipal procedures, systems, infrastructure and legislation • Two–five (2–5) years' relevant experience.

**For any enquiries in this regard, please contact Ms. Cheslin Swartz on 028 313 8055.**

**Municipal Notice number: 78/2025**

## PRINCIPAL CLERK: RATES & ARCHIVING

**Directorate:** Financial Services
**Department:** Revenue Management
**Reference number:** WC0324714
**Basic Salary:** R201 516 p.a.
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • A Grade 12 Certificate.• Computer Literacy in MS Office (MS Word, MS Excel) • Communication skills in two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape • A valid Code B Driver's license • Two–five (2–5) years' relevant experience.

**For any enquiries in this regard, please contact Ms. Elzene Charles on 028 313 8945.**

**Municipal Notice number: 79/2025**

## FIRE FIGHTER X 6 POSTS

**Directorate:** Municipal Public Safety
**Department:** Fire, Rescue & Disaster Management
**Reference number:** WC0323096, WC0323098, WC0323106, WC0329446, WC0323100,WC0323102
**Basic Salary:** R226 800 p.a. + Night Shift Allowance & Shift Allowance
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus x2 posts, Gansbaai x2 posts, Kleinmond x2 posts

**Requirements:** • A Grade 12 or higher certificate • Firefighter I Course • Hazmat Awareness • First Aid Level 3 • Code EB Driver's License • Physically and Mentally Fit • Medical Test NFPA 1582 • No Criminal Record • 1-Year operational experience.

**For any enquiries in this regard, please contact Mr. Lester Smith on 028 313 5041.**

**Municipal Notice number: 80/2025**

**To view detailed advertisements with all relevant information for the above vacancies please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**Closing date: 23 April 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

# Motor Home Club SA in ekstase oor Strandskloof




**Prestige-toekenning deur Motor Home Club SA: Athna de Jager-Gaven (visie-voorsitter), Isabel en Tot Fourie en Ralph Jackson (voorsitter).**

Sowat 79 karavane van 3 karavaanklubs onder die vaandel van *Motor Home Club SA*, het gedurende die naweek van 13 (Donderdag) tot 16 (Sondag) Maart 2025 op Strandskloof 'toegesak'. “Wat vir ons indrukwekkend was, was dat Tot en Isabel Fourie bereid was om die volledige kampterrein terwille van ons besoek te sluit en dit net vir ons gebruik beskikbaar te stel, so iets gebeur nie aldag nie,” vertel Athna de Jager-Gaven, visie-voorsitter.

Die groep het bestaan uit drie van *Motor Home Club of South Africa* se klubs, naamlik Wes-Kaap, Garden Route en Oos-Kaap en dit was hulle '*Southern convergence: Strandskloof*' naweek. Die vol program het 'n verskeidenheid van aktiwiteite tussen die verskillende klubs ingesluit, soos speletjies, pretstappe, putt-putt, kompetisies, kampioenskappe en baie pret - selfs 'n '*Gala Dinner in Black & White*'-aand'. Tydens Gans-Berg Nuus se besoek aan die kampeerders kon daar net tot een gevolgtrekking gekom word: hulle is nie net goeie vriende nie, maar een groot familie.

“Ons maak 'n 'Aanbevelingstoekenning' slegs in buitengewone gevalle,” het Athna gesê. “Dit word nie sommer goedsmoeds toegeken nie.” In die Wes-Kaap is Strandskloof een van slegs twee wat dit al ontvang het - dit is dus 'n baie spesiale toekenning wat Tot en Isabel vir Strandskloof ontvang het.

Sedert die Fourie-egpaar Strandskloof Park op 3 September 2010, bykans 15 jaar gelede, amptelik geopen het, het hulle net van krag tot krag gegroei - met baie toekennings wat al aan hulle gemaak is - met Motor Home Club SA se spesiale toekenning wat nou by die lys gevoeg kan word. In die karavaanpark kan mens “voel” hoe staan jy in die natuur en midde in die Strandveld, met die berg en veld agter jou en Die Gruis se duine wat voor jou teen die Atlantiese Oseaan lepellê. Groen grasperke, natuurskoon en absolute netheid is die besoeker se eerste indrukke - sonder twyfel 'n groot aanwins vir ons Gansbaai-omgewing.

**Hardus Botha**







## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### NOTICE

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF 1st SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2024/2025 AND LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the “Act”, that the 1st supplementary valuation roll for the financial year 2024/2025, is open for public inspection at the Municipal Head Office and its satellite offices, or on the website: www.overstrand.gov.za from 3 April 2025 to11 May 2025.

An invitation is hereby made in terms of section 49(1)(a)(ii) read together with section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the **above-mentioned period**.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such. The form for the lodging of an objection is obtainable from the Municipal offices at the following addresses:

| | |
|---|---|
| Hangklip/Kleinmond: | 33 Main Road, Kleinmond, 028 271 8400 |
| Hermanus: | 1 Magnolia Street, Hermanus, 028 313 8000 |
| Stanford: | 15 Queen Victoria Street, Stanford, 028 341 8500 |
| Gansbaai: | Main Road, Gansbaai 028 384 8300 |

or on the municipal website: www.overstrand.gov.za The completed forms must be returned to the municipal offices or the Municipal Manager, PO Box 20, Hermanus, 7200 or via email to enquiries@overstrand.gov.za on or before **11 May 2025**.

For **enquiries** please contact Johette Basson at telephone number 028 313 8000 or send an e-mail to enquiries@overstrand.gov.za

**3 April 2025**

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### KENNISGEWING

**KENNISGEWING VAN UITNODIGING VIR INSPEKSIE VAN DIE 1STE AANVULLENDE WAARDASIELYS 2024/2025 EN INDIEN VAN BESWARE**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 49(1)(a)(i) saam gelees met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingswet, 2004 (Wet No. 6 van 2004), hierna verwys as die “Wet”, dat die 1ste aanvullende waardasielys vir die 2024/2025 finansiële jaar, beskikbaar is vir publieke inspeksie by die Munisipale Hoofkantoor en sy administrasiekantore asook op die amptelike webtuiste: www.overstrand.gov.za, vanaf 3 April 2025 to 11 Mei 2025.

'n Uitnodiging word hiermee gerig in terme van Artikel 49 (1)(a)(ii), saam gelees met Artikel 78(2) van die Wet dat die eienaar van eiendom, of enige ander persoon wat dit verlang, 'n beswaar kan indien by die Munisipale Bestuurder rakende enige aangeleentheid wat vervat word in, of weggelaat is uit die aanvullende waardasielys, binne die **bogenoemde tydperk**.

Aandag word daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet, 'n beswaar betrekking tot 'n spesifieke eiendom moet hê, en nie op die totale aanvullende waardasielys as sodanig nie. Die vorm vir die aantekening van 'n beswaar is beskikbaar by die volgende Munisipale kantore:

| | |
|---|---|
| Hangklip/Kleinmond: | Hoofstraat 33, Kleinmond, 028 271 8400 |
| Hermanus: | Magnoliastraat 1, Hermanus, 028 313 8000 |
| Stanford: | Queen Victoriastraat 15, Stanford, 028 341 8500 |
| Gansbaai: | Hoofstraat, Gansbaai, 028 384 8300 |

asook op die amptelike webtuiste: www.overstrand.gov.za Voltooide vorms moet op of voor **11 Mei 2025** terug besorg word aan die munisipale kantore of die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Hermanus, 7200 of per epos aan: enquiries@ overstrand.gov.za

Rig u navrae asb aan Johette Basson by telefoonnommer 028 313 8000 of stuur 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

**3 April 2025**

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISAZISO

**ISAZISO ESIYA KULUNTU SOKUHLOLWA KOXWEBHU OLONGEZELELEKILEYO LOKUHLOLWA KWEXABISO LOMHLABA NOKUFAKWA KWEZIMVO EZICHASENE NAKO**

Apha senza isaziso ngokweCandelo 49(1)(a)(i) elinokufundwa lidibene necandelo 78(2) likaRhulumente wezeKhaya: uMthetho WeeRhafu ZoMhlaba kaMasipala, wowama-2004 (uMthetho wesi-6 wowama-2004), ekuza kubhekiselwa kuwo apha nakanva ngokuthi "lo Mthetho", eyesibini sokuba uxwebhu olongezelelekileyo lokuhlolwa kwexabiso lomhlaba lonyaka- mali wama-2024/2025, luvulelekile kuluntu ukuba luluhlole kwi-Ofisi eliKomkhulu likaMasipala nakwi-ofisi ezingaphantsi kwalo kwanakwimizi yogcino-zincwadi, okanye kweli jelo: www.overstrand.gov.za ukususela kumhla 3 April 2025 ukuya kutsho kumhla 11 May 2025.

Kananjalo sikwenza nesimemo ngokwecandelo 49(1)(a)(ii) elinokufundwa lidibene necandelo 78(2) lalo Mthetho sokuba nawuphi na umnini mhlaba okanye omnye umntu onqwenela ukwenjenjalo ufanele afake izimvo zakhe ezichasene noku kuMphathi kaMasipala ngawo nawuphi na umba olapha, okanye ositheleyo, kuxwebhu olongezelelekileyo lokuhlolwa kwexabiso lomhlaba ngeli xesha lichazwe ngasentl' apha.

Sifuna ukutsalela ingqalelo yenu ngokukhethekileyo kwicandelo 50(2) lalo Mthetho elithi izimvo ezingaphesheya kule nto zifanele zityumbe loo mhlaba zingabi zezichasene nje noxwebhu lokuhlolwa kwexabiso lomhlaba. Iimpepha zokukhalaza ezigqityiweyo mazibuyiselwe kungekafiki usuku lwe **11 May 2025**, kwi-ofisi ezikhankanywe ngezantsi okanye kwi-ofisi kaMphathi kaMasipala, PO Box 20, Hermanus, 7200, email: enquiries@overstrand.gov.za. Ifomu yokufaka izimvo zakho ezichasene noku ungayifumana kwii-ofisi zikaMasipala kwezi dilesi zilandelayo:

| | |
|---|---|
| Hangklip/Kleinmond: | 33 Main Road, Kleinmond, 028 271 8400 |
| Hermanus: | 1 Magnolia Street, Hermanus, 028 313 8000 |
| Stanford: | 15 Queen Victoria Street, Stanford, 028 341 8500 |
| Gansbaai: | Main Road, Gansbaai, 028 384 8300 |

okanye kweli jelo likaMasipala: www.overstrand.gov.za. Xa ufuna ukubuza nxibelelana noJohette Basson kwinombolo yefoni u- 028 313 8000 okanye nge-imeyile enquiries@overstrand.gov.za.

**3 April 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 58/2025

153157

# Gansbaai Business Chamber (GBC) Takes Shape: Pilot Committee Makes Significant Progress

Gansbaai, 8 April 2025 - The pilot committee tasked with establishing the GBC is pleased to announce significant progress in its efforts to create a robust and representative business organisation for the local community.

After a few months of diligent work, the pilot committee has finalised the draft constitution, code of conduct, and membership model for the GBC. These foundational documents will provide a solid basis for the chamber's operations and ensure that the organisation is truly representative of the local business community.

The next step in the process is to conduct a survey to group potential members into clusters based on their business type. This exercise will inform the development of the GBC's strategic plan and priorities, ensuring that the organisation effectively serves the needs of its members.

"We invite all local businesses to participate in this important survey, which will help us create a chamber that truly represents and supports our diverse business community," said Sammy Brett, chairperson of the pilot committee.

The survey will be distributed electronically to all those who attended the meeting where the pilot committee was elected, as well as through the Municipal platform. It will also be available in hard copy at the local tourist office. Businesses are encouraged to respond promptly to ensure accurate allocation into clusters.

Once the survey is complete, the pilot committee will call for nominations from GBC cluster members for leaders, known as cluster champions, to lead the nine clusters. The pilot committee will then hold a meeting where the GBC will be formally constituted and where cluster champions will be elected. These cluster champions will form the first executive committee of the GBC. From amongst these cluster champions, the chairperson, vice-chairperson, and treasurer of the GBC executive will be elected. The secretary will be elected from the broader membership body of the GBC.

The pilot committee is grateful for the support and enthusiasm shown by the local business community thus far and looks forward to continuing to work together to establish a strong and effective GBC.

**Sammy Brett**
**Press release: Gansbaai Business Chamber**



*Marieta Rademeyer 2de van regs.*

# Menseregte 'Derby'

'n Spesiale '*Human Rights Derby*' vir die jeug is op Vrydag, 28 Maart 2025 by Kolgansbaai, as deel van Menseregte Dag, deur Gansbaai SAPD, die Gemeenskaps Polisiërings Forum (CPF), '*Spiritual Crime Prevention*' (SCPS) en *Bet-El International Church* aangebied. Die gesellige en pretgevulde byeenkoms is onder CPF-voorsittterskap van Barnie Germishuys as hulle Maart-projek aangepak. Die 'ystervrou' agter die skerms is die CPF Sekretaris / Projekkoördineerder, Marieta Rademeyer.

Die verwelkoming en opening is deur Sammy Brett hanteer. Die volgende sprekers het gepaste boodskappe aan die jeug (en volwassenes) oorgedra: Brigadier Riaan Booysen; Barnie Germishuys; ds Floors Avenant; Sers Abigail Naidoo; Kapt Gerda Groenewald; Marieta Rademeyer. Ander aktiewe betrokkenes en vrywilligers was onder andere: Maresa de Villiers; Adj.Off. Woens Basson; Cassie en Chantelle Carstens; Chris Beukman; George Wiese en andere. Die skoolkoor, onder leiding van Dillan '*Mr Classic*' Robyn, het pragtig gesing, met luidrugtige applous.

Ongelukkig was daar enkele items op die program wat weens bepaalde omstandighede nie kon realiseer nie. Die hoogtepunt was egter die onderskeie toutrek-kompetisies - dit het baie aandag getrek en kinders en volwassenes van altwee geslagte het tougetrek dat die sweet hulle aftap en die omstanders het hulle luidkeëls aangemoedig. Sertifikate en pryse is uitgedeel en het tot die opwinding van die dag bygedra.




“Ons April-projek is reeds in 'n beplanningsfase,” vertel Marieta. “Daardie byeenkoms sal op Vryheidsdagvieringe fokus.” Die byeenkoms word beplan vir 25-28 April 2025 en Marieta sê daar wag groot verrassings op die gemeenskap. Die program sluit onder andere die volgende in: 'n Sangaand by *Bet-El International Church*; 'n Jeugprogram vol verrassings; 'n Erediens en 'n spesiale Gemeenskapsprojek. Hou die Gans-Berg Nuus dop vir volledige inligting nader aan die tyd - alles in belang van die opvoeding van ons Jeug. Die Gansbaai Gemeenskapspolisiërings Forum, in samewerking met Gansbaai SAPD en ander relevante gemeenskaps-organisasies, is sonder twyfel besig met relevante inisiatiewe om indringende aandag aan ons jeug en gemeenskappe te skenk - 'n groot taak wat 'n behoorlike 'Bravo!' verdien.

Die CPF se op-en-wakker Projekkoördineerder, Marieta Rademeyer, kan by 071 140 0533 vir navrae, asook vir vrywillige betrokkenheid, gekontak word.

**Hardus Botha**

# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 11/04/2025 | Saturday 12/04/2025 | Sunday 13/04/2025 | Monday 14/04/2025 | Tuesday 15/04/2025 | Wednesday 16/04/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 20° | 20° | 18° | 18° | 20° | 21° |
| Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from west 0.5 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Moderate Breeze. 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8m/s from east 0 mm precipitation. |

# Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 11 April | 0230 | 1449 | 0844 | 2046 |
| 12 April | 0257 | 1515 | 0908 | 2111 |
| 13 April | 0322 | 1541 | 0932 | 2136 |
| 14 April | 0347 | 1608 | 0956 | 2201 |
| 15 April | 0412 | 1634 | 1021 | 2227 |
| 16 April | 0438 | 1703 | 1048 | 2254 |
| 17 April | 0506 | 1734 | 1117 | 2326 |
| 18 April | 0538 | 1813 | 1151 | 0007 |
| 19 April | 0619 | 1906 | 1236 | 0110 |
| 20 April | 0722 | 2028 | 1347 | 0200 |
| 21 April | 0905 | 2211 | 0302 | 1537 |
| 22 April | 1055 | 2329 | 0451 | 1707 |
| 23 April | 1206 | 0024 | 0559 | 1808 |
| 24 April | 1257 | 0111 | 0648 | 1857 |

# CLASSIFIEDS

**CNC Sweis & Staal**

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Te Koop**

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows

new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Technokil**
State Registered Pest Control Services

- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE



Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

**BOSMAN VERWERS**


Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman

082 570 0907 / 082 533 3580

**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za
Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za



**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 9 | 5 | | 2 | | | 1 |
| | | | | | | | 5 | |
| | | | | | 9 | 4 | | |
| | | | | | | 5 | 4 | |
| | | 6 | | | | | | 7 |
| | | | 1 | 2 | | 3 | 6 | |
| 1 | | | 9 | 3 | 8 | | | |
| | 9 | | | 6 | | | | 8 |
| | | 4 | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Y | S | P | Y | G | E | N | I | L | S | U | R | O | H | C | A | N |
| W | S | L | A | T | R | A | V | I | A | T | A | H | M | F | Y | A |
| J | S | H | M | I | C | O | N | L | C | Y | I | O | L | U | T | M |
| H | G | W | O | A | L | I | L | N | L | M | U | K | E | N | O | C |
| O | Q | S | E | I | M | E | F | L | I | L | E | F | S | N | L | I |
| L | E | S | V | E | P | M | O | I | I | E | B | F | U | Y | E | S |
| I | T | E | E | S | T | D | A | N | C | R | O | T | O | G | M | U |
| D | R | A | D | I | O | C | R | M | I | A | E | H | R | I | A | M |
| A | O | O | H | L | S | O | H | G | I | R | P | T | A | R | C | E |
| Y | G | J | L | P | U | W | A | A | A | A | V | H | C | L | E | H |
| I | K | E | O | G | O | D | E | B | R | E | V | I | T | A | G | T |
| N | H | D | E | E | O | T | A | N | L | I | T | U | Y | U | V | Y |
| N | I | O | W | O | O | C | A | I | S | A | T | N | A | F | O | H |
| B | Q | C | N | S | H | O | W | B | O | A | T | Y | K | O | C | S |

A CHORUS LINE
ANNIE
BRIGADOON
CABARET
CAMELOT
CAROUSEL
EVITA
FANTASIA
FUNNY GIRL
GODSPELL
GYPSY
HELLO DOLLY
HOLIDAY INN
LA TRAVIATA
MAMMA MIA
MOULIN ROUGE
NEWSIES
OLIVER
SHOW BOAT
SOUTH PACIFIC
SWEET CHARITY
THE MUSIC MAN
TOP HAT

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | S | H | K | N | I | L | O | I | V | F | S | K | M | V | K | A |
| P | K | M | X | T | A | R | K | A | T | G | C | B | A | K | Q | C |
| A | E | A | W | V | R | T | E | E | L | I | N | O | J | C | P | C |
| C | T | N | R | L | Z | U | N | N | T | U | V | O | A | O | R | O |
| I | U | D | N | Z | A | R | M | S | O | E | S | S | G | B | A | R |
| N | L | O | C | Y | O | B | M | P | E | H | T | K | A | K | H | D |
| O | L | L | E | C | W | U | M | X | E | A | P | G | X | Q | S | I |
| M | B | I | Z | J | R | H | O | Y | N | T | P | O | X | P | W | O |
| R | T | N | W | T | L | N | I | E | C | I | W | K | X | V | E | N |
| A | Z | Y | S | A | E | K | T | S | P | S | F | N | K | A | J | O |
| H | S | K | B | C | B | S | I | E | T | A | I | D | L | J | S | D |
| S | L | A | O | U | T | A | S | C | M | L | F | Q | E | E | H | R |
| O | S | M | E | L | O | D | E | O | N | L | E | A | J | L | S | W |
| S | Q | C | N | R | O | H | L | E | G | U | L | F | O | P | I | V |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 1 | 9 | 3 | 4 | 2 | 7 | 6 | 5 |
| 2 | 3 | 6 | 8 | 5 | 7 | 4 | 9 | 1 |
| 4 | 7 | 5 | 1 | 6 | 9 | 8 | 2 | 3 |
| 3 | 2 | 8 | 4 | 7 | 1 | 9 | 5 | 6 |
| 5 | 4 | 7 | 2 | 9 | 6 | 1 | 3 | 8 |
| 6 | 9 | 1 | 5 | 3 | 8 | 2 | 4 | 7 |
| 7 | 5 | 2 | 6 | 8 | 4 | 3 | 1 | 9 |
| 9 | 6 | 4 | 7 | 1 | 3 | 5 | 8 | 2 |
| 1 | 8 | 3 | 9 | 2 | 5 | 6 | 7 | 4 |

# Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Responders
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 LIFE RESCUE
1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Gansbaai Gholfklub

## Anneka du Preez dankbaar oor Battery Corp borgskap



*Die Battery Corp Fondsinsamelingsdag is deur D Britz, JP Laubscher, A Laubscher & D Coetzee gewen, met Anneka du Preeze wat sommer baie gelukkig lyk.*


Anneke du Preeze, een van die skaakleerders van Laerskool Gansbaai wat in Griekeland gaan skaak speel, was baie gelukkig omdat Battery Corp van Gansbaai en Bredasdorp 'n Gholf-Borgdag as 'n fondsinsameling vir haar aangebied het. D Britz, JP Laubscher, A Laubscher & D Coetzee het die 4Ball American Scramble gewen.

**Woensdag, 2 April:**
Bev Swart wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 39 punte, gevolg deur Andrew Dalgleish 38, Anton Jordaan 37, Gordon Miles 37, Solly Wessels 35, Dawie Viljoen 35, Clive Bailey 35, Drian Britz 34 en Jacques Louw 33.
Anton Jordaan was naaste aan pen op no 17, en teken ook 'n Spog Twee aan op no 17.

**Vrydag, 4 April:**
George Hunt wen die 9-putjie Enkel Stableford met 21 punte, gevolg deur Willem Germishuys 19, Deon Momberg 19, Callie Lourens 18, Marietjie de Villiers 18, Berty Sassman 17, Jacques Louw 16, JP Laubscher 15, Johan du Preez 15 en Pero Heyns 15.
Willem Germishuys teken 'n Arend aan op putjie no 10.

**Saterdag, 5 April:**
D Britz, JP Laubscher, A Laubscher & D Coetzee wen met ***55*** *nett* die 4Ball American Scramble wat die Battery Corp van Gansbaai en Bredasdorp se borgdag vir fondsinsameling vir Anneka du Preez was. Sy is gekies om SA Skaak te verteenwoordig in Griekeland. Tweede was S van der Merwe, L le Grange, R le Grange & A Matthee ***55***, B Sassman, A Jordaan, M Tobias en G Miles ***57***, W Wallace, A Kloppers, C Spanellis, & J Lotter ***57,*** A Hage, C Avenant, M Germishuys & J Pretorius ***59***, K Booysens, D Momberg, J Pieterse en C Neethling ***59,*** M de Villiers, P Pretorius, L Lombaard & C Dippenaar ***59,*** J Nel, C Bent, Rudi, & R van Staanden ***60***, P Laubscher, W Germishuys, Trevor Archer en Johnny Brandt ***60***, L Aitken, A Dalgleish, L Kemm & M Bury **60.**
*Naaste aan die penne:*
No 2 was M Tobias; No 11 was Jasson Goosen (geel Bof) en R van Staanden (rooi bof).




Die opkoms van 60 spelers het vir 'n baie opwindende dag gesorg, wat deur almal geniet is, en hopelik bygedra het tot 'n suksesvolle ondervinding vir Anneka du Preez in Griekeland. Ons wens haar alles van die beste toe - hou Gansbaai se naam hoog, Anneka!
Die hoofborg was Battery Corp van Pieter Smal & Johan du Preez. Pieter bedank die volgende borge vir hul bydrae: Richie Rentals, Pieter Loubser, JP Laubscher en Gansbaai Tap & Tile. Dankie ook aan Juanita, Natasha, Wendy en Abigale vir hul hulp met die hamburgers.
Die komitee en lede bedank ook vir Pieter Smal & Johan du Preez vir hierdie wonderlike borgdag wat so baie vir die Klub beteken het.
Die **Baklei Liga** het op Montagu gespeel en wen 2 en 1. Veels geluk aan kaptein Bev Swart en sy span!

**Saterdag, 12 April:**
Kompetisie is 'n Houespel.

**Vrydag, 11 April:**
Steak-aand.

**Verjaarsdae:**
Joe Cesare (13de), Hendry van Appeldoorn (17de), Anton Goosen (17de) en Werner Muller (18de). Veels geluk!

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

EMERGENCY

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

# Sport




OK Foods GANSBAAI
Tel: 028 384 0001
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00

MYLAND BILTONG

OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

# As snoek loop, dan lóóp dit



*320 snoeke word hier van skipper Nico van der Merwe se boot, AssAssin, afgelaai*

Het al gehoor van sardyn-loop, maar 'n snoek-loop? Geharde vissermanne weet te vertelle dat die snoek wat onlangs behoorlik gelóóp het, vroeër jare gereeld so volop was. Dit wil voorkom asof Saterdag, 22 Maart 2025 (en vooraf!) weer vir 'n slag een van daardie 'toeka-se-tye' was.

Kleinbaai Sleephelling, asook Gansbaai Hawe, was 'n 'boot-gesig' soos min om te kon aanskou. Dit was net voertuie en bootsleepwaens waar mens gekyk het - 'n oopgebreekte miernes sou 'n vulletjie wees! Snoeke by die honderde (of meer!) is gevang - nie effens kleinerig nie, dit was 'bielies'.

Gans-Berg Nuus het met skipper Skipper Nico van der Merwe van die boot, AssAssin, gesels. Hy is van Gansbaai en sy bemanning was besig om hulle snoekvangstes in Gansbaai Hawe af te laai - glo dit of nie, 'n hele 320 enorme snoeke.

Behalwe vir die baie ander vissermanne wat breed geglimlag het, het Joe Smit van die Birkenhead Boothengelklub en sy bemanningslid, Joye Rademeyer, uitstekend gevaar met die snoek vanaf sy boot, GI Joe. Indien hierdie vagstes op dieselfde dag as die Birkenhead Boothengelklub se kompetisiedag was, wonder mens hoe die einde van die jaar se puntetelling gewees het, en sekerlik ook met 'n paar nuwe kampioene. Een ding staan soos 'n paal (of 'n snoek?) bo die water uit, die vissermanne het baljaar onder die snoek!

**Hardus Botha**




*Joye Rademeyer*



*'n Kykie na 'n paar van Joe Smit se snoeke*

